# Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 44 Deel 110
VRYDAG - 8 NOVEMBER 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)


# Almal was agter die bokke

## Springbok Trots



Met 'n uitmuntende 48ste wedstryd in die Rugby Wêreldbeker Finaal het die Bokke op 2 November 2019 behoorlik vir baie opwinding gesorg. Teen halftyd was Suid-Afrika teen England voor met 12 - 6. Skeidsregter, Jerome Garces vanaf Frankryk, het die eindfluitjie geblaas na 'n eindtelling van 32-12. Dit is die 3de keer wat SA die beker huistoe bring - voorheen was in 1995 en 2007. Nadat SA hulle openingswedstryd in hulle poel verloor het, het toeskouers nie verwag dat hulle dit so vêr sal bring nie. Hierdie wedstryd was egter taai vir Engeland en vir die eerste keer in die RWC 2019 kon hulle nie daarin slaag om 'n drie te druk nie. Daar was slegs 2 drieë gedruk deur Suid-Afrika, een deur Makazole Mapimpi (11) en 'n ander deur Cheslin Kolbe (14). Dit is ook die eerstes gedruk deur Springbokspelers in 'n Wêreldbeker Finaal. Die meeste punte ooit vir 'n Bokspeler in 'n finaal was aangeteken deur Handre Pollard - 20 punte. Kaptein, Siya Kolisi sê: "We have so many problems in our country, but to have a team like this - we come from different backgrounds, different races and we came together with one goal. I really hope we have done that for South Africa - to show that we can pull together if we want to achieve something." Toernooi-statistiek wys dat vanaf 20 September tot 2 November, Handre Pollard 69 punte aangeteken het - die speler met die meeste punte in al 48 wedstryde.


'n Span om voorwaar op trots te wees en wat in eenheid kan saamstaan.



*Miljoene oë was vasgenaal voor TV's verlede Saterdag vir die eindstryd tussen die Bokke en Engeland. Klein Luca van Heerden het duidelik sy blydskap gewys toe die einfluitjie blaas. Hy het ook die prys gewen vir die vrolikste ondersteuner en Francois Hattingh (middel) vir die langste ondersteuner tydens die saamkyk by Heilbron Gholfklub. Saam op die foto is Luca se grootouers Marina en Cor van Deventer.*

## Van Toeka tot nou





*Tanner se Boerewinkel in Heilbron 1880's. Nou bekend as Vosros in Langmarkstraat.*


ULTIMO AUCTIONEERS

(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS


SATERDAG
9 November om 11:00

SATERDAG
23 November om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

# Beloning aangebied vir suksesvolle arrestasie

Op 14 Oktober 2019 was daar 'n besigheidsroof by 'n finansiële instituut in Voortrekkerstraat Vereeniging. Twee onbekende gewapende mans het die perseel binnegekom en geld geëis. 'n Onbekende bedrag kontant is aan die twee verdagtes oorhandig en hulle het met die kontant van die toneel af gevlug. SAPD CAS 262/10/19 het 'n saak van besigheidsroof geopen.

Sien aangehegte foto's van die twee verdagtes (verdagte 1 en 2):

'n Beloning van R10 000 word aangebied wat sal lei tot 'n suksesvolle arrestasie. Kontak vir mnr. van Dyk 071 353 3986, mnr. Van Rooyen by 0721815268 of mnr. Rapholo by 0711901934 met enige hulpvaardige inligting. 'n Soortgelyke voorval het plaasgevind in Bronkhorstspruit. Thinus van Rooyen, 'n ondersoekbeampte van die Barko Financial Services-groep, sê dat vier gewapende mans hul tak op 24 Julie 2019 binnegekom het. Tydens die rooftog was 'n seku-riteits stop gedoen en van die rowers was binne die tak vasgevang. Hulle het een van die vensters gebreek om te ontsnap. Vier van die verdagtes kan met behulp van beeldmateriaal van CCTV geïdentifiseer word. (verdagte 3-6). SAPD CAS 271/07/2019 het 'n saak van besigheidsroof geopen.

Enigiemand met inligting kan Mnr. Van Rooyen by 0721815268, Mpho Dorian op 078 985 5002 of Johan Muller op 071 353 3948 kontak.

Alle inligting sal vertroulik hanteer word.

On the 14th of October there was a business robbery at a financial institute in Voortrekker street Vereeniging. Two unknown men entered the premises and demanded money at gun point. An undisclosed amount of cash was handed to the two suspects and they fled the scene with the cash.

A case of business robbery was opened with SAPS CAS 262/10/19. See attached photos of the two suspects (suspect 1 and 2):


A reward of R10 000 will be offered which will lead to a successful arrest. Contact Mr van Dyk 071 353 3986, Mr. Van Rooyen at 0721815268 or Mr. Rapholo on 0711901934 with any helpful information. A similar incident occurred in Bronkhorstspruit. Thinus van Rooyen, an investigator for the Barko Financial Services group, says four armed men entered their branch on July 24, 2019. During the robbery, a security shutdown was made and some of the robbers were trapped inside the branch. They broke one of the windows to escape. Four of the suspects can be identified using CCTV footage. (suspect 3-6). A case of business robbery was opened with SAPS CAS 271/07/2019.

Anyone with information can contact Van Rooyen at 0721815268, Mpho Dorian on 078 985 5002 or Johan Muller on 071 353 3948

All information will be kept confidential.



*Verdagte 1*



*Verdagte 2*



*Verdagte 3*



*Verdagte 4*



*Verdagte 5*



*Verdagte 6*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoorure by 058 852 3033.

**Elsstraat 44**
**Heilbron • 9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

Herald
Office National




# Heilbron Kliniek Nuus

## *Wat gebeur in 'n diabetiese persoon*

Kos wat geëet word, word afgebreek tot nutriënte wat in die spysverteringskanaal vrygestel word. Stysels (koolhidrate) verskaf energie. Die stysel word afgebreek na suikermolekules. Die suiker word in die bloed geabsorbeer as bloedsuiker (glukose).

Bloed vervoer die bloedsuiker na elke liggaamsel. Die selle sit die bloedsuiker om na energie sodat die liggaam aan die lewe kan bly.

Die liggaam maak 'n hormoon insulien soos benodig. Insulien word in die bloed na die selle gestuur. Insulien is nodig vir die selle om bloedsuiker op te neem.


Insulien heg aan die sel. Die insulien maak die selwand oop net soos 'n sleutel 'n deur oopmaak.

Sodra die selwand oop is kan die bloedsuiker vanaf die bloed na die sel gaan.

'n Diabetiese persoon het nie genoeg insulien om die sel oop te maak nie Gevolglik kan die bloedsuiker nie deur die selle opgeneem word om energie vry te stel nie. Die suiker bly in die bloed en hoop op.

Wanneer daar 'n groot hoeveelheid suiker in die bloed is, word dit in die urine gestort.

Hierdie bloedsuiker kom nie voor deur net rietsuiker, konfyt of ander soet kos te eet nie. Dit is suiker wat in die bloed beland na die afbreek van alle kos wat koolhidrate bevat.




*Have you had your blood sugar tested lately?*

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 3 | | | | | | | |
| | 4 | | | 5 | | | 1 | |
| | 2 | | 6 | 1 | 3 | 5 | | 4 |
| | | 6 | 8 | | 2 | | | 5 |
| | 1 | 8 | 7 | | | 3 | | |
| 7 | | 3 | 1 | | 6 | 2 | | 8 |
| 1 | | | 4 | | 9 | 7 | | 6 |
| 9 | | | 3 | 7 | 8 | 4 | | 1 |
| | | | | 6 | 1 | 9 | | |

**SUDOKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

# Fynproewersgilde sluit af



*So in die afwagting vir die Rugby Wêreldbeker finaal het die Heilbron Fynproewers op Vrydag, 1 November in die feesgety-gevoel gekom met hul jaarlikse Kersete. Daar was 51 gaste wat om die Kerstafel saam geëet en gekuier het. Op die tafel was skaapboud, gammon met mosterd, "chicken parma", groentegereg, broccoli, gebakte aartappels en 'n feestelike slaai. Die nagereg was 'n interessante sjokolade verrassing. Dawn Wessels was die spysenier en almal het heerlik geëet. Die Fynproewers vergader weer vroeg in Februarie 2020 met hul jaarlikse opwindende "verrassingsaand." Die Bestuur wens almal 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2020 toe. Op die foto: Rudi van Niekerk, Marlene Agenbag, Rian Agenbag, Julia Bester, Corrie Scheepers, Willie Cronje, Christien Cronje, Willem Loots, Nellien Scheepers en Marilize Loots.*




# Kom skiet saam

*Elke alternatiewe Woensdag, hierdie keer 6 November, skiet Heilbron Dienssentrum kettie met albasters na staalskywe as teiken. George Roos, Joggie van Vreden en Susan Smit was afwesig.*
*Op die foto voor: Basie Roos. Agter: Sharky Kühn, Sylvia Meads en Koos Smit. Oom Koos het die kettie-skiet geïnisieer by die Dienssentrum.*

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

Die winkel sluit die 19de Desember 2019 en open die 6de Januarie 2020.

Ons Kerskoerant is die 13de Desember 2019.









# ONDERWYSERSLESSE



Ek het verlede week so in die skryf melding gemaak van ou Parratjie, ons Afrikaans onderwyser. Miskien is vandag die regte dag om van my onderwysers te vertel. Ou Parratjie was 'n dierbare onderwyser. Sy naam kom van die manier hoe hy met sy tone na buitekant geloop het. Altyd met so krom handjie wat agterna swaai. Hy het pousetyd in die perso-neelkamer sy sigaretjie gerook (jip, in daardie tye mog hulle) en 'n ligte rookreuk het aan sy knopieshemde gekleef. Hy het gewoonlik met die stuk bordkryt tussen sy wys- en middelvinger rondgestap. Sy wysvinger se nael was liggeel van die niko-tien. Hy het nooit sy stem verhef nie, hy het sag gepraat en alles was doodstil in die klas. Wanneer iemand raas gekry het, was dit iets in die lyn van: "Julle goggatjies moet nou begin huiswerk doen." **DIT WAS MIN OF MEER DIE ERGSTE WAT HY SOU DOEN.**

Mevrou Marie het Wiskunde gegee. Almal het haar "Mevrou" genoem. Nooit iets anders nie. Sy het nie eers 'n bynaam gehad nie. Mevrou het my eendag gevra hoe-kom ek twee bladsye gebruik om een meetkundepro-bleem te bewys. "Jy is nes jou sussie!" sou sy my toe-snou. Later het ek agtergekom dat sy my rooikopsussie "Maratonbewys" genoem het. Om vanselfsprekende redes. Mevrou se vingernaels het presies soos my ma se naels gelyk. Mevrou was altyd waardig, met vleeskleur sykouse. En dienlike hofskoene.

Dan was daar 'n Engelse onderwyseres. Eintlik twee van hulle oor 'n periode van drie jaar. Juffrou M was 'n rare verskynsel, want sy het effens gesukkel met haar aardrykskunde. Ons het George Bernard Shaw se Pygmalion gedoen. Iewers in die toneelstuk word daar gemeld dat Eliza Doolittle by Covent Garden blomme in die winterreën verkoop. Juffrou M vra toe naastenby in watter maand hierdie toneelstuk afspeel? Ek, grootbek, steek my hand op en antwoord dat dit moontlik in Desember is. Juffrou M se mond het oopgehang. "Weet jy nie dat dit altyd somer is in Desember nie?" Ek het nooit gaan aardrykskunde studeer nie, maar ek staan steeds by my punt.

**DIE ANDER ENGELSE ONDERWYSERES WAS UNIEK. SY HET 'N MEESTERSGRAAD IN DRAMATIESE KUNSTE GEHAD.**

Ou Wên het sy bes probeer om vir ons Rekeningkunde te gee. Een oggend het Nelis sy aktetas toegesluit met 'n passer. Ou Wên het lank gesukkel om die tas oop te kry, totdat Nelis tot sy redding gekom het. "Wat van," vra Nelis, "as ons 'n passer vat en die tas probeer oopmaak?" Sonder 'n groot omhaal van woorde gryp Nelis sy passer en wriemel weer die tas oop. Ou Wên se mond het oopgehang. "Kom ons kyk of dit weer gebeur," sê Ou Wên, en maak weer sy aktetas toe. Dit sluit nie weer soos die vorige keer nie. Ek dink hy wonder nog steeds wat gebeur het. Ou Fos was huisvriende met my ouers. Ons het gereeld oor en weer gekuier. Wanneer ek by die skool was, was hy Meneer. En wanneer ons gekuier het, was hy "oom." Fos het die eienaardigste sweetpakbostukke gedra. Iedereen het horison-tale strepe gehad. Om een of ander onverklaarbare rede het die horisontale strepe nie oormekaar gekom nie. Dit het later geblyk dat sy vrou die sweetpakbostukke se ritse reggemaak, maar dit skeef ingesit het. Vandaar die strepe wat redelike irriterend was.

Tannie Marie het vir my kla-vier gegee. Heeltemal die teen-oorgestelde van Mevrou Marie. Sy was wilder as die wildtuin. Aan elke hand was daar ten min-ste twee ringe wat geglinster het. Sy het net egte pêrels, goud en silwer gedra, lang oorbelle wat geklingel het wanneer sy klavier gespeel het. Sy het lang Craven A sigarette gerook. Net wanneer sy gedink het niemand haar sien nie.

O ja, en moenie van ou Boer vergeet nie. Boer het 'n straatblok van ons af gewoon. Hy was 'n baie kwaai ou oom. Graad 9 aardsrykskunde en geskiedenis. Dit is seker die rede waarom ek steeds nie baie van die twee vakke hou nie. Ou Boer het 'n reuse klas gehad met groot geografiese kaarte op sy mure. Wanneer jy nie die ant-woord op een van sy vrae geken het nie, moes jy voor in die klas gaan motorfiets ry. Dit het so gewerk: staan teen die muur met gebuigde knieë, arms reguit vooruit, asof jy die stuurstang van 'n motorfiets vashou. En wanneer jy dink jy mag gaan sit, moes jy eers "hum-hum" sê, want jou motorfiets moes om draaie ook ry. Jy moes lekker plat lê.

**EK KAN NOG UITWEI OOR DIE ANDER ONDERWYSERS, MAAR KOM ONS VOLSTAAN MET DIE LAASTE ONDERWYSER.** Ons noem haar net BB. Haar bynaam mag nie hardop genoem word nie. Sy het altyd soos 'n prent uit 'n modeboek gelyk. As sy geel klere aangehad het, het sy geel skoene en sykouse aangehad. Ja, grusaam, veral wanneer ek nou daaraan terugdink. Haar hakskoene was hemelhoog en sy het soos 'n vlinder daarmee beweeg.

Die storie eindig nie hier nie. BB het later 'n aanstel-ling by 'n ander skool gekry. Omtrent 15 jaar later loop ons mekaar weer raak: sy is 'n vakadviseur en ek onder-wyser. In dieselfde vak as waarin sy was. Ek noem haar "juffrou", want ek kan net nie dink hoe om haar op haar naam te noem nie.

'n Paar jaar daarna werk ons saam as kollegas, albei vakadviseurs. Ek kom agter dat die heldeverering wat ek vir Juffrou BB gehad het, heeltemal misplaas was. Sy is 'n mens nes ek. (Behalwe dat ek nie gekleurde sykouse dra nie). Sy maak foute soos ek, ek ken my vakgebied so goed soos sy. Iemand sê die ander dag dat hy kleispore los. Ons is almal maar van klei. Baie kere is die front wat ons voorhou nie die regte prentjie nie. Maar ons doen dit om onsself te beskerm.

Ons praat saggies soos ou Parratjie, rook skelm soos tannie Marie, probeer mense verneder soos ou Boer. Dalk raak ons ook die kluts effens kwyt wanneer iemand jou lewenstas probeer toesluit. Of dalk kom jou strepe ook nie ooreen nie. Solank jy net aanhou probeer.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Jeug)
Kinderdankoffer / Jeugsorgsentrumkoeverte /
Deurkol: Jeugsorgsentrum / Kategese afsluiting
Blok 5

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Kinderdiens
Sin Kol: Vennootskappe: NGKA Vrystaat (Botshabelo)
Kinderdankoffer / Kategese afsluiting
18:00 Aandnagmaal

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Nagmaal
Diensbeurte: Wyk 5 & 6

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Voorbereiding - Heilbron)
VBO Les 30

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK**
**FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS


## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

## *Die rus ingegaan*

† Luke Phiri is oorlede in die ouderdom van 51. Sy diens vind plaas in Frankfort op 9 November 2019. Hy laat na sy familie en vriende.

† Martha Hlanqwane is oorlede in die ouderdom van 72. Haar diens vind plaas by White City begraafplaas in Heilbron op 9 November 2019. Sy laat na haar familie en vriende.

# GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 8 Nov. | 15 / 30 | Warm |
| Sa 9 Nov. | 15 / 28 | 67% kans vir laatmiddag buie |
| So 10 Nov. | 15 / 24 | 56% kans vir donderbuie |
| Ma 11 Nov. | 16 / 28 | 74% kans vir donderbuie |
| Di 12 Nov. | 15 / 26 | 63% kans vir donderbuie |
| Wo 13 Nov. | 14 / 27 | 45% kans vir donderbuie |
| Do 14 Nov. | 12 / 23 | 69% kans vir reën |
| Vr 15 Nov. | 13 / 25 | 82% kans vir donderbuie |
| Sa 16 Nov. | 13 / 26 | 51% kans vir donderbuie |
| So 17 Nov. | 13 / 27 | 49% kans vir donderbuie |
| Ma 18 Nov. | 14 / 28 | 55% kans vir donderbuie |

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE & DEBITEURE

Boedel van wyle **JOHANNES JACOBUS JONES.**
In die boedel van wyle **JOHANNES JACOBUS JONES**, Nommer 8008/2019, Identiteitsnommer 660511 5079 089 wat gewoonlik woonagig was te Raubenheimerstraat 87, Heilbron en wat te Heilbron op 29 Augustus 2019 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 28ste dag van Oktober 2019.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890, HEILBRON, 9650**
**VERW: JON4/0001/JHJ/cm**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the late **THABO DANIEL MOTLOUNG**, Identity Number: 530914 5435 087, in life married in community of property to Molebatsi Maria Motloung, Erf 1894, Phiritona, district Heilbron, 9650, Province Free State, Estate Number: 5835/2018.
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

# TE HUUR

## MEENTHUIS TE HUUR

2 Slaapkamer meenthuis te huur. Beskikbaar vanaf 1 Desember.
**Skakel 082 420 7730**
**SKB**

## VAKANSIE-WOONSTEL TE HUUR

Drie slaapkamer / Twee badkamer woonstel te huur in Umhloti vanaf 03 Jan. 2020 - 10 Jan. 2020.
**Skakel: 082 561 6370 of 012 942 1120**
**DB**

**HOU HEILBRON SKOON**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531**
**G**

# EIENDOMME

## Heilbron Eiendomme

VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendomme.co.za
ANNELIZE 082 331 9856

### HEILBRON

**NUUT IN DIE MARK:**
4 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, sitkamer, eetkamer, kombuis. Dubbel motorhuis en swembad. Erf veilig omhein. **R850 000**

**HUISE TE HUUR**
• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, kombuis, sitkamer, eetkamer. Enkel motorhuis met 'n afdak. Beskikbaar 1 Oktober 2019. **R5 900 pm**

**HUISE TE HUUR**
• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, kombuis, sitkamer, eetkamers. Dubbel motorhuis met 'n afdak. Gevestigde tuin. Beskikbaar 1 Oktober 2019. **R5 200 pm**

**EEN SLAAPKAMER WOONSTEL**
• Sitkamer, kombuis, enkel slaapkamer met badkamer. **R2 800 pm**

**HUIS TE HUUR**
• 3 Slaapkamerhuis te huur met 1 badkamer. **R3 500 pm**

**HUIS TE HUUR**
• 2 Slaapkamerhuis te huur met water en tariewe ingesluit. **R3 500 pm**

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.




# BETREKKINGS

## TRENTYRE

Vakante poste beskikbaar:
• General Worker x1
• Counter Sales x1
• Sales Rep x1
CV's kan ingehandig word by Langmarkstraat 22, Heilbron of epos na: henry_trollip@trentyre.co.za

## VAKANTE POS

### ONTVANGSDAME

Aansoeke word ingewag by **Heilbron Dierekliniek** vir 'n persoon met goeie menseverhoudings en wat onder druk kan werk.
**Vereistes:**
• Rekenaarvaardig - (Ondervinding in Pastel, Excel en MS Word moet 'n vereiste wees)
CV's kan gestuur word na rita@plvanzyl.co.za
R

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

## BLOEDSKENK HEILBRON

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***
• 26 November




## SAN-JO'S

### KELNERPOSTE

**Die volgende vereistes word verlang:**
• Goeie menseverhoudings
• Energiek & netjiese voorkoms
• Moet lang ure & onder druk kan werk
• Tussen ouderdom van 18 & 35
• Moet naweke & vakansiedae kan werk
• Afrikaans- & Engelssprekend
• Eie vervoer
• Ondervinding sal voorkeur geniet

**Sluitingsdatum vir CV's is 16 Nov 2019**
**Email: annaduplessis2003@yahoo.com**

## UNOSI

**NOTICE OF BASIC ASSESSMENT FOR THE PROPOSED CATTLE FEEDLOT AT THE KIRKDALE FARM No. 391 IN THE FREE STATE PROVINCE NEAR KOPPIES**

Notice is hereby given in terms of Regulation 41(2) published in Government Notice No. R 982 under Chapter 5 of the National Environmental Management Act (No. 107 of 1998, NEMA) of the intent to submit an application for environmental authorisation to the Free State Department of Economic, Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs (DESTEA).

**Proponent, Activities and Location:**
Stefane Agri Projects is proposing a cattle feedlot at the KIRKDALE FARM No. 391 IN THE FREE STATE PROVINCE NEAR KOPPIES

**NEMA Listed Activities:**
A Basic Assessment is triggered by the following listed activities:
- **LISTING NOTICE 1: GN 327: 4 a**

The cattle feedlot and associated activities require a basic assessment process due to the Following triggers:
- **LISTING NOTICE 1: GN 327:4a**

The cattle feedlot will require authorisation from the Free State Department of Economic, Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs (DESTEA). Water use authorisation will also be required from the Department of Water and Sanitation (DWS) in terms of the National Water Act (Act No. 36 of 1998).

**UNOSI has** been appointed as the Environmental Assessment Practitioner (EAP) to undertake the BASIC ASSESSMENT for the proposed cattle feedlot in terms of the EIA Regulations (2014).

**For more information, registration as an I&AP or submission of written comments contact by post, phone, fax or e-mail:**
**Contact details**: Mr. Unathi Mabandla; 11150 Machuisa Street Bloemanda Bloemfontein;
Tel: 0713166941;
E-mail: unosienterprise@gmail.com

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Heilbron Voortrekkerkommando prysuitdeling

Voortrekkerkommando Heilbron het hulle jaarlikse afsluiting en prysuitdeling gehou op 2 November 2019. Die afsluiting het 'n glybaan, springkasteel, die rugbyfinaal en braaivleisvure ingesluit. Elke kind het erkenning ontvang deur middel van sertifikate vir die werk en spesialisasie wat hulle deur die jaar voltooi het. Nuwe jeugleiers is vir die jaar 2020 aangekondig asook die nuwe offisiere om die kinders in die nuwe jaar te lei. Saam hou hulle koers in die nuwe jaar.

*Foto's geneem deur René Fourie.*



*Voortrekkers Heilbron Kommando.*



*PD Voorslag Goud aan Danie Swart oorhandig deur Alet Swart.*



*Inlywing van graad R, Marné Botha oorhandig deur Dawid Rossouw.*



*Inlywing van graad R, Antonie Mouton oorhandig deur Dawid Rossouw.*



***OFFISIERE VIR 2020:*** *Jackie Wessels (AKL Algemeen), Chantelle Fisher (AKL PD Sake), Rickus van Zyl (AKL Fondsinsameling), Cindy Mouton (AKL Bemarking), Alet Swart (AKL Verkennersake), Corné van der Merwe (AKL Finansies), Yolandi Prinsloo (AKL Administrasie), Dawid Rossouw (Komando Leier - 4 jaar).*



*Elna Rossouw AKL Volwasse Sake.*



*Jeugleiers vir 2020 - Deoné Visser en Bart Steijn oorhandig deur Dawid Rossouw.*



*5 Jaar Diens Juk aan Riaan Swart oorhandig deur Dawid Rossouw.*



*PD Voorslag Silwer aan Deoné Moolman oorhandig deur Alet Swart.*

# Hersiene Landelike Beveiligingstrategie

Agri SA ondersteun die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se hersiene Landelike Beveiligingstrategie wat vandag in Louis Trichardt bekend gemaak is. Die strategie beklemtoon weereens die dringende behoefte aan misdaadbekamping in landelike en boerderygebiede. Indien die polisie die strategie met toegewyding en volharding implementeer, behoort dit 'n groot sukses te wees.

"Die dringende implementering van die strategie deur alle stasiebevelvoerders is noodsaaklik," sê Tommie Esterhuyse, voorsitter van Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid. "Indien nie, sal dit bloot 'n uitstekende strategie wees wat op die rak sit en stof versamel."

Die hoë misdaadvlakke affekteer nie net die boer nie, maar ook plaaswerkers en die landelike gemeenskap. Dit hou 'n bedreiging in vir stabiliteit in landelike gebiede en die land as geheel, asook 'n risiko vir voedselsekerheid. Die voortdurende aanvalle op boere en plaaswerkers, die hoë vlakke van veediefstal en die vernietiging van plaasinfrastruktuur vereis 'n doeltreffende strategie.

Agri SA beskou die SAPD se Landelike Beveiligingstrategie as die beste voertuig om hierdie kwessies aan te spreek.

"Dit is egter kommerwekkend dat die reserviste-stelsel, wat die ruggraat van die strategie verteenwoordig, na al die jare nog nie volledig geïmplementeer word nie," sê Esterhuyse. "Ons doen 'n beroep op die polisie om aktief die reserviste-stelsel te bevorder en dit moontlik te maak vir die boerderygemeenskap om deel te neem en 'n rol te speel ter beveiliging van hul omgewing. Die polisie moet hul verbind tot die beskikbaarstelling van die nodige hulpbronne vir reserviste asook hierdie strategie."

Agri SA het nog altyd 'n konstruktiewe werksverhouding met die polisie gehandhaaf, veral wat veiligheid en sekuriteit betref, en wil graag die polisie gelukwens met die ontwikkeling en finalisering van hierdie strategie.

"Ons glo dat dit die enigste werkbare strategie is wat fokus op die bestryding van plaasaanvalle en die diefstal van vee en plaasinfrastruktuur," sê Esterhuyse. "Die strategie sal georganiseerde misdaad, veediefstal en die diefstal van nie-ysterhoudende metale, asook oorgrens misdaad, aanspreek. Die daarstelling van snel-reaksiespanne wat vinnig kan reageer op voorvalle van landelike misdaad of voorvalle van 'n geweldadige of georganiseerde aard, word ook verwelkom."

Agri SA sal alles in sy vermoë doen om met die polisie saam te werk in hierdie verband en sodoende die boergemeenskap help om hulself te beveilig. Die Landelike Veiligheidstrategie is beskikbaar op die SAPD se webwerf.





## terugblik



***HEILBRON HERALD, 18 JANUARIE 2002 - NUUT BY CORNELIUS & VENNOTE:*** *Mnr Jannie Jansen van Heilbron het die graad LLB (Unisa) op 3 September 2001 verwerf. Hy het sy dienste as stadsekretaris by die Munisipaliteit op 31 Desember 2001 beëindig en is sedert 2 Januarie 2002 ingeskryf as kandidaat prokureur by Cornelius en Vennote Ing.*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033 of 083 363 6553.





## Calendar & Deskpad Pricelist

### 2020 Calendars

**A4 Full Colour on Gloss Board**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 130 | R 130 | **R 260** |
| 50 | R 160 | R 170 | **R 330** |
| 100 | R 210 | R 210 | **R 420** |
| 200 | R 300 | R 300 | **R 600** |
| 300 | R 390 | R 400 | **R 790** |
| 500 | R 570 | R 580 | **R 1,150** |
| 1000 | R 1,030 | R 1,040 | **R 2,070** |

**A3 Full Colour Calendar on Gloss Board**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 140 | R 140 | **R 280** |
| 50 | R 210 | R 210 | **R 420** |
| 100 | R 300 | R 305 | **R 605** |
| 200 | R 490 | R 500 | **R 990** |
| 300 | R 670 | R 680 | **R 1,350** |
| 500 | R 1,040 | R 1,050 | **R 2,090** |
| 1000 | R 1,970 | R 1,980 | **R 3,950** |

**A3 Full Colour Ringbinded Calendar**
**1 Month to view + Front Page (13 Pages)**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 5 | 490 | 500 | 990 |
| 50 | 1520 | 1520 | 3040 |
| 100 | 2590 | 2600 | 5190 |
| 200 | 4550 | 4560 | 9110 |

**Triangular Desk Calendar**
**Fullcolour on Gloss Board**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 100 | R 460 | R 460 | **R 920** |
| 200 | R 610 | R 620 | **R 1,230** |
| 300 | R 740 | R 740 | **R 1,480** |
| 400 | R 860 | R 870 | **R 1,730** |
| 500 | R 980 | R 990 | **R 1,970** |
| 1000 | R 1,720 | R 1,730 | **R 3,450** |

**Triangular Desk Calendar**
**Ringbinded, 2 Months to view, fold over pages**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | R 505 | R 505 | **R 1,010** |
| 100 | R 820 | R 830 | **R 1,650** |
| 200 | R 1,480 | R 1,490 | **R 2,970** |
| 500 | R 2,850 | R 2,850 | **R 5,700** |

### 2020 Deskpads

**A4 Full Colour Deskpads**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | 220 | R 235 | **R 455** |
| 50 | 630 | R 635 | **R 1,265** |
| 100 | 1070 | R 1,080 | **R 2,150** |
| 250 | 1830 | R 1,840 | **R 3,670** |
| 500 | 3480 | R 3,480 | **R 6,960** |

*Printed on Bond Paper + Backing Board

**A3 Full Colour Deskpads**

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | 340 | R 350 | **R 690** |
| 50 | 1070 | R 1,080 | **R 2,150** |
| 100 | 1770 | R 1,770 | **R 3,540** |
| 250 | 3480 | R 3,480 | **R 6,960** |
| 500 | 6320 | R 6,330 | **R 12,650** |

*Printed on Bond Paper + Backing Board

Pamflette gedruk deur Heilbron Herald kan gratis in die Herald geplaas en versprei word.

***Prices INCLUDE Vat**

Heilbron Herald

Herald Sport

# Presidentspan was soos die Bokke

Die VKB Presidents- en Kapteindag Saterdag het vir baie opwinding gesorg. Die President, John Watson het glo amper 'n *hole* in *one* geslaan, maar was nie heeltemal teleurgestel dat die balletjie nie geval het nie, die 50 gaste by die klub sou sy beursie laat bars het. Hy het ook 'n ware kapteinsbeurt van 19 punte gespeel en wen hulle die kaptein se span met 125 punt teen 91.

Willie Pretorius en Jackie Leonard was die ander anker spelers in die president se span met 19 en 18 punte onderskeidelik.

Julyan Bruyns was die Kapteinspan se beste speler met 15 punte.

Volgende Saterdag is dit die klub se jaarlikse Prestige dag. Vanjaar kom Micheal Scholz voormalige PGA toer professionele gholfer wat 'n interessante vertoning kom gee van sy reeds beroemde “trick shot show”. Hy sal ook die aand optree as programleier.

Inskrywings is reeds oop en kan gedoen word by die klub of per epos, golf@heilbron.co.za.

Verlede Vrydag is daar ook 'n paar putjiespel wedstryde afgehandel. In die dubbels klop John Watson en Julyan Bruyns vir Michu van Wyk en GP Rossouw. Hulle wen egter vir Johan Weilbach en Herman Claasen. In die enkels wen Johan Nelson vir Abrie Watson.

Môre is daar gewone spel vanaf 12:00.








*John Watson ontvang die beker namens Presidentspan by Johanné Scheepers van VKB, borg van die dag. Gerrie Muller, Kaptein van die klub het maar swaar gesluk dat sy span dit nie gemaak het nie.*






# Wind en weer kon die geesdrif nie keer

Liza Boshoff, Johan Bergh en Annari Combrink het aan die 40 km-bergfietsresies te Alzu deelgeneem.

Wêreldbeker help trap teen wind - Wikkel, wikkel, wikkel - die rugby gaan begin!

"Dít is al waaraan jy dink en dan beur jy nog 'n entjie teen die woeste wind - vorentoe."

Só vertel vyf Heilbronners wat die afgelope naweek aan die Alzu-bergfietsuitdaging (ABFU) anderkant Middelburg, Mpumalanga, deelgeneem het.

Liza Boshoff, Johan Bergh (14) en Annari Combrink het vir die 40km-roete ingeskryf terwyl Burger en Elzeri Combrink die korter been, 15 km, aangepak het.

"My bene het baie moeg geword, want ek het nog nooit só ver met die fiets gery nie," het die agtjarige Elzeri vertel. "Ek het een keer hard geval toe my fiets in die sand vasgesteek het en wou nie meer verder ry nie, maar Pappa het my opgehelp en aangemoedig om die resies te voltooi," het sy bygevoeg.

Die ABFU is bekend as Suid-Afrika se vinnigste bergfietsresies. Die roete strek grootliks tussen omliggende mielielande en bevat byna geen tegniese uitdagings nie.

Tog is die vyf dit eens dat vanjaar se uitdaging glad nie kinderspeletjies was nie. "Toe ons wegspring was dit bewolk en 'n fyn sproeireëntjie het geval. Daarmee saam het 'n baie sterk wind gewaai en soos wat Murphy's Law dit wou hê, het ons nooit saam met die wind getrap nie," het hul vertel. "Met 'n 6 km-lange opdraand het die wind reg van voor gewaai en dit het regtig gevoel asof jy teen 'n muur trap," het Annari gesê. "Dááí't my so byna-byna onder gekry," het sy bygevoeg. "Al wat my toe aan die trap gehou het, was die vrees dat ek nie betyds gaan wees vir die afskop van die wêreldbekerfinaal nie."

Gelukkig het al vyf die trappers lank voor die afskop oor die eindstreep geseil en kon hul saam met die ander deelnemers na die rugby op 'n groot skerm kyk.

"Daar het 'n ongelooflike lekker BOK-gees onder almal geheers en hoendervleis het van die sing met die Volkslied tot die sing van 'Hier kom die Bokke' aan die einde op almal se arms orent gestaan," het hul vertel.

Vanjaar was die agtste keer wat die ABFU plaasgevind het en meer as 1 220 inskrywings is gesamentlik vir die 64 km-, 40 km- en 15 km-roetes ontvang.

Só vaar die Heilbronners:

• Annari - 40 km, Tyd: 1:59:21 • Johan - 40 km, Tyd: 1:59:23 • Liza - 40 km, Tyd: 2:14:11 • Elzeri - 15 km, Tyd: 1:53:22 • Burger- 15 km, Tyd: 1:53:22.



*Fietsryers trap Alzu plat - Op die foto agter: Annari, Elzeri en Burger Combrink. Op die foto voor: Liza Boshoff en Johan Bergh.*



***FIETSRYERS TEM BETHLEHEM SE BULTE:** Op 12 Oktober het Annari en Burger Combrink en Liza Boshoff aan die Round Table-bergfietsuitdaging op Bethlehem deelgeneem. Al drie dié Heilbronners het die 20 km-roete aangepak en uitstekend gevaar. Annari palm die tweede plek onder die vroue in met 'n tyd van 1:06:32. Burger eindig met 'n tyd van 1:16:17 en Liza seil kort op sy hakke oor die eindstreep in 'n tyd van 1:18:50.*


BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 11 NOVEMBER 2019
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 12 NOVEMBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
KOKSTAD : ABATTOIR TE KOOP
op versoek van STOCKLUSH (PTY) LTD
11:00, Lower Dower straat, Kokstad
Kontak JD Steyn 072 877 6984

DONDERDAG - 13 NOVEMBER 2019
VRYHEID : ABATTOIR TE KOOP
op versoek van KOBUS DICKS PROPERTIES (PTY) LTD
11:00, Bloekomstraat 27, Vryheid
Kontak JD Steyn 072 877 6984

DONDERDAG - 14 NOVEMBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Marco 079 493 9755
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
WESSELSBRON : ABATTOIR TE KOOP
op versoek van KOBUS DICKS PROPERTIES (PTY) LTD
11:00, 4de Straat, Industriële area, Wesselsbron
Kontak JD Steyn 072 877 6984

VRYDAG - 15 NOVEMBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
WINBURG : BELLA VISTA LANDGOED
Aanteelveiling Stoet en kommersiële Angus, Brangus & Bonsmara
11:00, Bella Vista, Winburg
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID